Kinderwerf Beginner- Leeskaarte

Waaruit bestaan die pak leeskaarte?

Die leeskaarte bestaan uit 30 pare leeskaarte.
Elke leeskaart is 'n drie-letter woord met bypassende prentjie. Die volgende woorde kom in ons Beginner Leeskaarte voor:
* kam *pot *ses * son *nes * hek *hen *mat * mus * pet * pit * pos *bal * bus * lig *ot (enigste twee letter woord - maar lekker maklik om te leer!) *rot *wol *das *jas *kar *pop *kar * rok *bed *kat *mes *sit *tas *vis

Waarom drie-letter woorde?

Drie -letter woorde is die maklikste woordjies om te begin lees, omdat dit maklike klanke in het. Elke leeskaart bestaan dan uit 'n konsonant, klinker en 'n konsonant. Die klinker word afgewissel tussen die "o", "a" "i" "e" en "u". Op hierdie manier leer jou kleinding die klanke ken en leer hy/sy hoe om eenvoudige woordjies uit te spel. Dit is die begin van lees.

Hoe lyk die leeskaarte?

Ons leeskaarte is gebaseer op Maria Montessori, die stigter van die gewilde en suksesvolle Montessori onderwys-metode, se werk. Daar is telkens twee leeskaarte met identiese prentjies, byvoorbeeld:



Op watter ouderdom kan jy die leeskaarte begin gebruik?

Wanneer jy hieronder lees hoe die leeskaarte werk, sal dit duidelik word dat die leeskaarte op verskillende maniere op verskillende ouderdomme aangewend kan word. Dit kan self vir **peutertjies** gebruik word om hulle woordeskat uit te brei. Daarna kan jy dit as **flitskaarte** gebruik (sien stap 1 hieronder) totdat jou kind al die name van die prentjies ken. Die "lees"- deel kan jy dan bêre vir wanneer jou kind die alfabet begin leer en verstaan - enige ouderdom van 4 af en op. Dit sal afhang van jou kind se individuele vordering. Meeste kinders sal hierdie kaarte onder die knie hê net voor hulle graad 1 toe gaan, alhoewel dit nie 'n vereiste vir skoolgereedheid is nie.

Remediëring

Indien jou kind se klasmaats al kan lees, maar jou kind steeds sukkel, is hierdie leeskaarte 'n wonderlike manier om te help om jou kind se lees op standaard te bring. Ons beveel dan hierdie leeskaarte saam met ons alfabet CD aan, om seker te maak dat jou kind al die letters van die alfabet ken.

Hoe maak ek die leeskaarte?

Jy ontvang die leeskaarte reg vir 'print'. Jy kan bloot die dokument oopmaak en uitprint op enige kleurdrukker. Indien jy nie een tot jou beskikking het nie, kan jy die dokumente 'save' op 'n CD en by 'n winkel gaan uitdruk. Neem net asseblief in ag dat daar kopiereg op is en dat dit slegs vir jou privaatgebruik alleenlik is. Wanneer jy dit uitgedruk het, kan jy die bladsye lamineer vir langdurige gebruik. (Dit is egter nie nodig nie). Jy kan nou jou kaartjies uitknip. Kyk na die voorbeeld hierbo. Knip elke kaartjie apart uit - soos met rooi hieronder aangedui op die voorbeeld kaartjie:

Hoe gebruik ek die leeskaarte?

- Maak eers al die leeskaarte voor julle begin. Sien bo vir instruksies.
- Sorteer die leeskaarte: Moenie al 30 leeskaarte op een slag vir jou kind probeer leer nie. Dit is veels te veel. Die maklikste is om die

leeskaarte volgens klanke uit te sorteer, en dit klankie vir klankie vir jou kleinding te leer. Sit dan al die kaarte met 'a's in die middel bymekaar, almal met 'o's bymekaar, almal met 'e's ens. Jy kan dan steeds die groepies in twee deel veral met die 'o', 'e' en 'a' klanke wat steeds baie is. Hoe jonger jou kind is hoe minder moet jy op 'n keer mee begin. Ons stel voor om nie meer as 6 nuwe woorde op 'n keer te doen nie.

Leer dit vir jou kind in die volgende drie stappe. Moenie na die volgende stap toe beweeg voor jou kind nie die eerste stap verstaan en met gemak kan doen nie.

Stap 1 : flitskaarte (hierdie kan jy al van 2-3 jaar af met jou kind doen)

Gebruik slegs die kaartjies met die woorde onderaan.

Verduidelik aan jou kind dat die kaartjie se "naam" hok is en dat elke keer wat hy/sy die prentjie sien moet hy/sy weet dit staan vir hok. Wys hom/haar die woord onderaan die prentjie. Verduidelik dat daar 'hok' staan. (moenie verder oor die klanke gesels nie. Jou kind moet slegs weet dat dit die prentjie se naam is.)
Wys nou die prentjies vir jou kind en vra hom/haar om elke keer die prentjie se naam vir jou te sê. Gaan slegs oor na stap 2 indien:

- Jou kind AL die name ken
- Jou kind 'n belangstelling in die alfabet en lees toon en reeds 6 of meer letters kan uitken.

Stap 2:
Indien jy jou groepkaartjies volgens klank gekies het, kan jy aan jou kind verduidelik dat julle nou woordjies met byvoorbeeld die 'o' klank gaan leer. Wys hom/haar hoe die letter 'o' lyk. Gee nou beide kaartjies (met dieselfde prentjie) vir jou kind.

Nou moet jou kind die aparte naamstrokie by die prentjie pas.



Doen dit eers saam met jou kind en wys haar/hom hoe dit werk. Wys eers elke paar prentjies apart totdat jou kind verstaan hoe dit werk. Skommel nou die kaartjies wat nie die woorde op het nie. Pak die kaartjies met name op netjies in 'n ry. Laat jou kind nou een van die naamstrokies vat. Laat hy/sy dit by elkeen van die leeskaarte met die woorde op hou en kyk of hy/sy die naamstrokie se 'maatjie' kan kry. Wanneer hy/sy die regte leeskaart gekry het, vra hom/haar om die leeskaart sonder die woord op te soek en dan die naamstrokie op die regte plekkie te pas. Herhaal tot hy/sy almal gekry het.

Help jou kind indien hy/sy sukkel. Indien jou kind glad nie een woord gepas kan kry nie, kan julle eers weer die alfabet oefen (ons beveel ons alfabet CD aan) tot jou kind in staat is om die lettertjies van mekaar te onderskei. (visuele diskriminasie oefeninge is hier baie belangrik- soos soek die verskille, soek die maatjie ens.)

Wanneer jou kind die naamstrokies gemaklik kan pas, kan jy hom/haar help om die klankies uit te spel soos sy/hy dit pas. "Waar is hierdie een se maatjie? Hier is hy! Sy naam is h-o-k hok!" (Onthou om die klanke van die alfbet uit te spreek soos mens praat)

Gaan slegs oor na stap 3 indien:

- Jou kind gemaklik die naamstrokies kan pas.
- Jou kind al die klanke van die letters op die naamstrokies ken.

Stap 3:

Nou neem jy die kaartjies met die name weg en gee jou kind slegs die kaartjies sonder die naam en die aparte naamstrokie. Nou moet jou kind die naamstrokie lees en by die regte kaart pas.



Wanneer jou kind klaar al die naamstrokies gepas het, kan hy/sy na die kaartjies met die name kyk om te kontroleer of hy/sy reg is. Dus is hierdie 'n oefening wat jou ouer kind op sy/haar eie kan doen.

HERHAAL TOT JOU KIND AL DIE LEESKAARTE ONDER DIE KNIE HET.

AL KINDERWERF SE PRODUKTE HET KOPIEREG OP EN INDIEN JY DIT AANKOOP IS DIT SLEGS VIR JOU PRIVAATGEBRUIK ALLEENLIK. SKOLE EN KLEUTERSKOLE KAN ONS KONTAK VIR DIE AANKOOP VAN 'N SKOOL-GEBRUIKERS-LISENSIE